

**Jan Steyn Preek 7 Julie 2018**

**Teks: Psalm 42 en 43**

**Tema: Hoop as dit donker word**

**Inleiding:**

Ek lees onlangs die volgende staaltjie wat Kent Groff vertel van hierdie middeljarige lidmaat wat as lay person al lank in die kerklike struktuur gewerk het. Nou skryf hierdie man vir sy gemeente-predikant die volgende e-pos. Ek lees dit in Engels soos dit geskryf is, want dit druk hierdie ou se emosie die beste uit:

**You saw me in church today as I usually am when I'm in town. I sang the hymns and prayed the responses, but I was just mouthing the words. I listened to the Scriptures and sermon, but nothing seemed to connect. It's not the fault with your sermons, but the meaning just isn't there anymore. When I try to pray on my own, it feels dry and empty.**

Sy gemeentepredikant antwoord niks vir weke nie en die man besluit om sy predikant vir middagete te nooi. Hy besluit om met die deur in die huis te val: Ek is verstom. Ek het my siel aan jou blootgelê en jy het my nie eens terug geantwoord nie. Ek weet. het die dominee geantwoord. En hier is sy rede waarom hy nie op hierdie man se skrywe reageer het nie:

I sing the hymns and read the Scriptures and preach the sermons and try to pray and it seems dry. And I'm a minister. I feel the same way, and I don't know what to say.

Ons almal draai iewers in ons lewe by hierdie ervaring van geestelike droogheid. Ons sukkel dan om God se teenwoordigheid en Sy omgee en sorg in ons lewe raak te sien. Iemand gebruik die mooi woord dat jy hierdie Godsverduistering beleef. Die Koragiet wat die psalm skryf wat hierdie musiekleier of priester-kantor in die Joodse geloofsgemeenskap was, gebruik die beeld van die wildsbok wat smag na waterstrome, maar die stroom is droog. In hierdie beeld is die Koragiet die wildsbok en God die droë waterstroom.

Ons sien in hierdie man wat geestelik leiding geneem het in die Joodse gemeente hierdie emosionele wipplank-rit tussen hoop en wanhoop, hoop en wanhoop- faith and doubt, faith and doubt. Miskien het jy soos ek gedink jy moet iewers by hierdie standvastige plek in jou geloofsluwe uitkom waar jy geestelik so sterk raak dat moeilike tye en omstandighede jou nie

meer geestelik en emosioneel en fisies so sal rondgooi en ontspoor nie. Dat jy soos Teflon raak- niks sit aan jou vas of versteur jou vrede nie. Gelukkig het ons die psalms wat so menslik is en ons herinner die val en opstaan en hierdie pendulum swaai tussen hoop en wanhoop normaal is vir elke gelowige. Dit herinner ons die krag wat alles oortref kom nie van ons nie, maar van God. Kyk mooi na 42:10: Die psalmskrywer twyfel, jy word rondgegooi, maar hoe verwys hy na die Here? My Rots.

Hoe help hierdie Psalm vir jou en my wat ook deur tye van wanhoop en Godsverduistering gaan, wat ook hierdie rondval en swaai van hoop na wanhoop daaglik ervaar? Veral vir ons wat in hierdie land bly wat elke dag die koerant oopslaan en dikwels moet lees van moord en korrupsie en bekommerd is oor die ekonomie en ons kinders se toekoms?

**Die eerste is: Ons kan eerlik met God wees oor ons ervaring van Hom en van ons geloof:**

Hierdie twee psalms wat ons gelees het, is nie lofpsalms nie- dis klaagpsalms. Dit herinner ons dat ons nie net met ons lof voor God welkom is nie, maar ook met ons klagte. Nie net as ons geloof vas en seker voel nie, maar ook as ons geloof wankel deur die duisternis wat in ons toesak en om ons toesak. Die skrywer van hierdie twee psalms bely baie duidelik dat hy smag na God, maar bely ook dat Hy swaar kry in hierdie ervaring van die swygsaamheid en afwesigheid van God. God is stil en hy ervaar dat God hom verlaat het: Wanneer kan ek voor God verskyn? (42:3), My Rots, waarom het U my vergeet (42:10), Waarom verstoot U my dan (43:2). Een engelse vertaler het hierdie psalmskrywer se roep na God in moderne idioom as volg vertaal: Do my messages go straight into your junk mail?

**Die tweede is: ons ervaring van God en ons geloof het altyd met ander mense en die gemeenskap van gelowiges te make:**

Die krisis in sy geloof het eers op hierdie negatiewe toon met ander mense te make: hulle wat hom bespot en vra: Waar is jou God nou? As Hy regtig is wie jy sê hy is, hoekom gaan dit dan so sleg met jou? Hierdie groep mense verdiep sy lyding. Ek is seker hulle spot en hoonroep het baie dae vir hom baie harder geklink as die stem van God. Ons het ook maar sulke mense in ons lewens. Hulle wat met slegte bedoelings, maar dikwels ook met die beste bedoelings ons slegte situasies vir ons slegter maak.

Die tweede ervaring van ander mense is positief. Hy is fisies en geografies en daarom ook emosioneel en geestelik afgesny van die geloofsgemeenskap waarin hy hierdie musiekleier of voorganger was. Hy vertel self hy is ver van Jerusalem en die tempel: hy is in die Jordaangebied by die Hermonberg. Hy vertel hy het voor die skare uitgeloop het na die tempel toe terwyl hulle saam feesgevier het en die Here geprys het. Ons het vandag hierdie skuif van godsdiens na spiritualiteit. Om aan die kerk te behoort en kerk toe te gaan word nou deur baie mense by godsdiens ingedeel. Spiritualiteit is dan om die Here te ontmoet waar ek ook al wil en wanneer ek Hom nodig het of as ek lus is vir hierdie ontmoeting. Maar hierdie spiritualiteit is nie Bybels nie- dis gewoon selfgerig- ek self staan in die middel daarvan, nie die Here nie. Ook nie ander mense nie. Dit gaan oor jou eie geestelike behoeftes en dis baie individualisties. Bybelse spiritualiteit is nooit individualisties nie. Die Psalmskrywer ly nie net oor hy voel hy is van die Here afgesny nie- hy is ook afgesny van die geloofsgemeenskap waarvan hy deel is en van die tempel in Jerusalem waar hulle saam aanbid het. Die herinnering aan hierdie geloofsgemeenskap verlig die psalmskrywer se lyding. Dit herinner hom hy pas iewers in- hy behoort iewers.

**Dietrich Bonhoeffer** skryf in sy boekie Life Together dat daar altyd hierdie balans moet wees tussen alleen tyd met die Here of afsondering en en die ervaring van die gemeenskap van gelowiges:

**"Let the one who can not be alone beware of community. One will only do harm to oneself and the community. If you refuse to be alone, you are rejecting Christ's call to you and you can have no part in the community of those who are called. But the reverse is also true: Let the one who is not in community beware of being alone. Into the community you were called, the call was not meant for you alone. If you scorn the fellowship of the brothers and sisters, you reject the call of Jesus Christ, and thus your solitude can only be hurtful to you. Only in the fellowship do we learn to be rightly alone and only in aloneness do we learn to live rightly in the fellowship."**

Ek dink Bonhoeffer se woorde het my weer laat onthou dat jy in hierdie tyd van geestelike donkerte of geestelike depressie jou nie moet afsny van die gemeenskap van gelowiges nie. Dis nogal baie keer ons eerste reaksie. Ons is egter bedoel om mekaar te dra en te ondersteun.

**Derdens: Praat met jouself en preek vir jouself:**

Martyn-Lloyd-Jones het 'n boek geskryf met die naam Spiritual Depression. Hy skryf: Het ons al besef baie van die ongelukkigheid in ons lewe kom van die feit dat ons na onself luister in plaas van met onself te praat? Ons self praat met ons, maar die psalmskrywer draai dit om: in plaas van sy self wat met hom praat, praat hy met homself. So staan dit in die Ou Afrikaanse vertaling: in drie verse in hierdie twee psalms word die volgende refrein herhaal: Wat buig jy jou neer in my o siel en is onrustig in my? Die Psalmskrywer luister nie net na homself nie, hy praat met homself, hy preek tot sy eie self. Elke keer as die Psalmskrywer die vraag vra: Wat buig jy jou meer in my o siel en is onrustig in my? Drie keer in die Ou Vertaling dieselfde vraag en dieselfde antwoord: Hoop op God. Hierdie woorde hoop op God is van kernbelang in tye van geestelike droogte of geestelike depressie. Want hieraan het Timothy Keller my herinner: tye van geestelike droogte wanneer ek die afwesigheid van God beleef, het die pluskant dat dit aan ons uitwys dat ons ons hoop op dinge of mense geplaas het wat ons nou in die steek laat. Dat ons dalk ons lewe gebou het op vals hoop en dat ons verkeerde liefdes (inordinate loves) eerste gestel het in ons lewens. In tye van geestelike droogte het ek dikwels ervaar dat God my prioriteite weer op die regte plek kom sit.

### **Hoekom kan ons hoop as dit donker om ons word?**

Ons het iets wat die Psalmskrywer nie gehad het nie. Ons het Christus en ons weet van Christus. Jesus staan saam met ons in ons roep na God: My God, my God, waarom het U My verlaat? Ons het dalk soms hierdie ervaring dat ons van God verlaat is, Hy was regtig deur God verlaat, want Hy moes alleen en weg van God staan sodat Hy gestraf kon word vir ons sonde.

Aan die kruis het Jesus uitgeroep: Ek is dors. Ek het toe ek oor hierdie teks gepreek het in ons veldtog daarna verwys dat hierdie dors twee kante het. Jesus roep as ware mens namens ons uit: Ek is dors. Hy bely saam met ons aan die kruis dat agter die groot dorste en klein dorsies wat ons lewe kenmerk, almal eintlik met God te make het. Ons diepste dors in die lewe is na Hom. Jesus roep egter ook as ware God aan die kruis uit: Ek is dors. Hy verwoord dus ook aan die kruis God se dors na ons- om in verhouding en gemeenskap met ons te leef, om ons lof en klagte te kan aanhoor en Sy begeerte dat ons in liefde en aanvaarding met almal sal leef wat Hy geskep het. Daarom skryf Timothy Keller as jy wil weet wat om vir jouself te preek, preek Christus vir jouself. Daarom wys 1 Timoteus I ons dat hoop nie net hierdie stel dinge is wat ons met glo nie, maar iemand is: Christus Jesus is ons hoop.

Christus is ons Hoop. Ons krisis in die lewe is dat ons nie altyd glo God is goed en Hy is lief vir ons en kan en wil vir ons sorg nie. In 42:3 vra die psalmskrywer: Wanneer kan ek voor God verskyn? Een engelse vertaling vertaal dit so: When wil I come and see the face of God? Jesus antwoord hierdie vraag aan ons in Johannes 14:9: Wie my sien, sien die Vader. Die Vader is soos Ek en Ek soos die Vader. Ons hoop as kinders van die Here is nooit iets algemeen of iets wat ons in onself moet opwerk nie, dis altyd in Christus. En omdat ons nie daardie hoop in onself kan en hoef op te werk nie, is dit altyd ook die werk van die Heilige Gees: Romeine 15:13: Mag God die bron van Hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is die Goddelike onderwyser wat ons kom leer en herinner aan alles wat Jesus vir ons gedoen het. En sy handboek waaruit Hy ons leer is die Woord van God: Paulus skryf daarom in Romeine 15 dat ons vol hoop kan wees deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee.

Die belangrikste wat ek hierdie week weer geleer het: Tye wat ek swaarkry en verwyderd van God voel sluit my nie uit die koninkryk van God uit nie, maar juis in. Ek soek na God in tye van geestelike duisternis, ek dors na Hom, maar Hy dors ook na my. Sy dors na my is nog groter as my dors na Hom. Daarom is Hy my Rots in tye van geestelike duisternis of moedeloosheid.

### **Slot:**

Ek wil afsluit met Peter Lockhart se gedagtes oor die stilte van God. Ons is almal bang vir die stilte van God in ons lewens, dat ons ook op plekke sal kom op ons pad waar Sy teenwoordigheid ver van ons voel en ons deur moeilike omstandighede nie sal kan glo dat Hy by ons betrokke is of nog vir ons omgee nie. Hieroor skryf Peter Lockhart:

Die stile van God wat ons soms in ons lewens beleef is dieselfde stilte wat Jesus in Sy verlatenheid aan die kruis beleef het. Die stilte van God wat ons beleef is die stilte van die Saterdag toe Jesus in die doderyk neergedaal het. Maar die stilte wat ons ervaar is ook die stilte van die leë graf waaruit die Here Jesus opgestaan het. God is never absent from the silence and if God is silent it never means that God is absent, and maybe it even means that God is listening, deeply listening to our lives and our voices. Let us find hope and hear in the silence of God that we are not alone.

Amen.

